# Bekendstellingsbrief – Stormpies

‘n Suid Afrikaanse aksie om die waarheid van die Evangelie aan die volgende geslag in Nederland en Europa (ons stamlande) te bring, het so begin:

Marius en Amanda Storm is in 1992 uitgestuur na Nederland om as direkteurspaar van IKEG nie-gelowige kinders met die evangelie te bereik.

Intussen kon Marius en Amanda die leierskap van IKEG oordra aan Marco en José Baan. Marius begelei Marco nog maar is dankbaar dat die Here hulle geroep het om die werk oor te neem en te lei.

Die afgelope jare het Marius se bedieningsgerigtheid stelselmatig verander. Hy het hom al hoe meer op toerusting en opleiding toegelê. Die verandering is deur verskeie faktore teweeg gebring. Daar is bijvoorbeeld ‘n groot behoefte aan nuwe, Bybelgetroue geestelike leiers en werkers. Die deurslaggewende oortuiging het in hom gegroei dat dit daarom die wil van die Here was dat hy al sy tyd en krag aan die toerusting van kinderwerkers en ander gelowiges moet wy. Dit is noodsaaklik om ‘n nuwe geslag leiers op ‘n Bybelgetroue en diepsinnige manier toe te rus om weer op hulle beurt die Evangelie aan ‘n verloregaande wêreld te verkondig. Marius is nou ook die voorsitter van Veritascollege Nederland en direkteur ontwikkeling Europa.

Veritas het ten doel om gelowiges toe te rus om die Woord van die Here reg te verstaan – om dit reg uit te lê en toe te pas. Hierdie kennis tot korrekte interpretasie van God se Woord is hedendaags ‘n groot behoefte in Nederland en Europa, omdat kerke en gemeentes al hoe verder weg beweeg van die Waarheid van die Bijbel en al hoe meer onder die invloed kom van humanisme en die sosiale wetenskappe. Die aanbieding van Veritas kan plaasvind op ‘n Bybelskool, in gemeente verband en in kleinere groepies. Omdat daar verskillende modules in Veritas bestaan, kan die belangstellendes persoonlike begeleiding ontvang en selfs ‘n diploma of graad ontvang. Die uitdaging is dus groot en hulle ervaar die seën van die Here in hulle werk.

## Wil u nie betrokke raak nie?

Die Bybel leer ons dat gelowiges die voorreg en verantwoordelikheid het om mee te werk aan die verkondiging van die Evangelie. Die gemeente in Filippi het vir ons ‘n navolgingswaardige voorbeeld gestel deur die manier waarop hulle

- vir Paulus gebid (1:19),
- hom moreel (2:19 - 30) en
- finansieël (4:15 - 20) ondersteun het.
- Daarom het ons die vrymoedigheid om u te nooi om by hulle bediening betrokke te raak. Wil u nie asseblief vir die Storms en die aksie voorbidding doen en as dit moontlik is vir hulle en die bediening in Nederland finansieël ondersteun nie.
- Bankbesonderhede: NKA, ABSA rek nr 240 145 995

### Navrae

As u enige navrae het kan u een van die volgende persone kontak:

**Marius Storm** (stormpies@gmail.com of +31 6 27 40 26 28

**Barend Hefer** (heferbj@gmail.com of 011 742-2371)

**Wilna Smit** (wilnae.smit@gmail.com of 012 285 0635)

### Webwerwe

https://www.stormpies.co.za

https://www.veritascollege.org

https://www.ikeg.nl